KRUIPVOEDING BY LAMMERS

Beyers Mallo
Voedingskundige
Veekos

Die voorsiening van kruipvoer aan lammers wat nog aan die ooi suip kan ekonomiese voordele vir die boer inhou. Lammers wat kruipvoer ontvang sal swaarder massa speen, vroëer speen en minder speenskok ervaar. Die ooi sal in n beter kondisie wees vir die opvolgende paarseisoen wat konsepsie en lampersentasie positief sal beinvloed. Lammers wat vroëer speen sal ook die druk op die weiding verlaag en sulke lammers groei ook gewoonlik beter in die voerkraal.

Die ekstra gewigs toename van lammers wat kruipvoeding ontvang word verkry deur veral verhoogde spiergroei. Die eksta gewigstoemane hou die grootste ekonomiese voordeel in vir lammers wat in 'n intensiewe vroegspeen stelsel bestuur word. Lammers wat op 'n ekstensiewe weidingstelsel uitgegroei word verkry 'n kleiner ekonomiese voordeel uit kruipvoeding. Kruipvoer kan aan lammers voorsien word vanaf 10 dae ouderdom. 'n Gemiddelde inname van 200g/dag vanaf 20 dae oud tot speen kan verwag word. Innname sal vermeerder van 15g/dag op dag 12 tot 600g/dag op 100 dae ouderdom. Innames sal varieer na gelang van ras, hoeveelheid weiding, kondisie van die ooi en aantal lammers per ooi. Om inname te verseker is dit belangrik dat die voer altyd vars en droog moet wees. Die rantsoen moet hoogs smaakvol en fyn gemaal wees met 'n klein partikel grootte. Grondstowwe wat die smaaklikheid sal verhoog is sojaoliekoek, mieliemeel en lusern. Die rantsoen moet tussen 15 – 20% RP bevat asook ń hoë vlak metaboliseerbare energie. Die samestelling van 'n kruiprantsoen sal bepaal word deur die voedings behoeftes van die dier. Die voedings behoeftes van die lam hang dus weer af van die liggaamsmassa en grootte, verlangde groeitempo en die genetiese potensiaal van die lammers. Die verwagte gemiddelde daaglikse toename (GDT) vanaf 8 – 20kg lewende massa is 150 – 250g/dag.

Die ooi se melkproduksie piek ongeveer op 20 dae na lam, bly hoog vir 2 – 3 weke en neem dan weer af. Vanaf 30 – 40 dae is die lam se voedings behoeftes hoër as wat deur die ooi se melk voorsien kan word. Die lammers sal dus op hierdie stadium begin wei om die tekort in voedingstowwe aan te vul. Op die ouderdom het lammers egter n beperkte vermoë om ruvoer doeltreffend te verteer omrede die rumen nog nie volledig ontwikkel is nie. Dit is dus belangrik om kruipvoer te voorsien. Kruipvoeding is belangrik vir die uitgroei van jong ramme en

ooie wat die reproduksietempo kan verhoog. Die respons op kruipvoeding sal die grootste wees tydens toestande van min en swak gehalte weiding, asook onder stres toestande en ooie met meerlinge. Die voorsiening van kruipvoeding kan speengewig met 3-10kg verhoog. Lammers kan van 15 tot 50 dae vroeër bemark word en herbesetting van ooie kan met 4-10% verhoog word. Weens die feit dat beide ooie en lammers dus minder eet plaas minder druk op die weiding.

Kruipvoer kan aan lammers voorsien word in die kampe deur gebruik te maak van kruiphokke. Sulke hokke keer dat volwasse diere by die voer kan uitkom. Die bakke kan daagliks skoongemaak word en vars voer voorsien word. Die voerbakke moet met n dak bedek word sodat dit nie nat reën nie. Die korrekte strategiese aanvulling van Kruipvoer kan dus vir die boer voordele inhou. Boere kan gerus hulle naaste voedingskundige kontak om hulle met die korrekte advies te voorsien. Veekos Kruipveekorrels is ideaal geformuleer om aan al die kruiplam se voedingsbehoeftes te voldoen.